Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045
E-pos: admin@lnpark.co.za /

'n Blink toekoms begin hier!

NUUSBRIEF 3

31 Januarie 2025

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

MEDELYE
Ons opregte meegevoel word betuig teenoor Mnr. Westraadt en sy familie met die heengaan van sy ouma verlede week. Mag hulle as familie die nabyheid van ons Hemelse Vader in hierdie tyd beleef.

NUUSBRIEWE
Ek is baie teleurgesteld in hoe ouers hul nuusbriewe, sportprogramme en sms-boodskappe lees! Ons doen werklik baie moeite om alle ouers ingelig te hou oor al die bedrywighede van die skool. Die hoeveelheid oproepe wat die sekretaresses per dag hanteer oor inligting wat in die nuusbrief was, of wat aan ouers per sms gestuur is, is skrikwekkend. Ek wil u weer vriendelik versoek om die nuusbrief deeglik te bestudeer en om alle belangrike datums en inligting aan te teken.

OOV/KLASVERTEENWOORDIGERS 2025
Baie geluk aan die onderstaande ouers wat tot die volgende ampte tydens die OOV/Klasverteenwoordiger vergadering gehou op Woensdag, 29 Januarie 2025 verkies is.

Voorsitter: Mev. Sulene Camarinos
Onder-Voorsitter en sekretaresse: Mev. Jeanette Scheepers

BEHEERLIGGAAMVERKIESING: DONDERDAG, 6 FEBRUARIE 2025
U het reeds kennis ontvang dat daar een persoon op die beheerliggaam verkies moet word. Die verkiesing gaan op **Donderdag, 6 Februarie 2025 van 06:30 tot 16:00 in die skoolsaal** plaasvind.

Nominasievorms is reeds sedert **Maandag, 27 Januarie 2025,** by die kantoor beskikbaar. Vooraf nominasies sluit **Maandag 3 Februarie 2025 om 12:00**. Die kandidate se inligting sal dan aan u deurgestuur word om te kan bestudeer.

Ons wil alle ouers aanmoedig om die belangrike verkiesing van **6 Februarie 2025** in die skoolsaal by te woon.

AFHAAL VAN LEERLINGE NA SKOOL

Ons wil alle ouers vriendelik versoek om u kinders betyds by die skool af te haal. Die skool verdaag tans om 14:15 en leerlinge wat nie aan aktiwiteite by die skool deelneem nie, moet so spoedig moontlik afgehaal word. Ons het tans 'n probleem met kinders wat tussen die nasorgkinders is en dan elke keer gesoek moet word. **Alle kinders wat nie betyds afgehaal word nie, moet vir hul eie veiligheid op die stoep by die graad 1-klasse wag.** Die gedeelte is onder kameradekking en ons kan dan enige voorvalle na skool monitor, want daar is nie toesig vir die kinders nie. Inien u nie u kinders betyds kan afhaal nie, moedig ons u aan om u kind by ons nasorgsentrum in te skryf.

SKY MODELS

Ons is baie opgewonde om aan te kondig dat Mev. Adelein Stoop van vandag af op Vrydae om 13:15 – 14:00 model lesse vir belangstellende leerlinge in ons skoolsaal sal gee. Kostes is soos volg:

- Registrasiefooi R800
- 1 Kind R450 per maand
- 2de kind R420 per maand

Vir enige navrae in hierdie verband kan u Mev. Stoop skakel op: 0833813561 of e-pos op skymodelseasterncape@gmail.com

AFWESIGHEDE EN WERK NIE INGEGEE NIE

Waar 'n leerling afwesig was, of 'n leerling weens 'n ander rede nie sy of haar werk betyds kon ingee nie, moet die ouer(s) die leerling se onderwyser skriftelik dienooreenkomstig in kennis stel.

DIE SKOOLBELEID IS AS VOLG:

a) werkopdrag een dag laat: -30% en 'n inskrywing op die kommunikasiekaart
b) werkopdrag twee of meer dae laat: 0 en 'n inskrywing op die kommunikasiekaart

Enige leerling wat afwesig is tydens 'n toets of eksamen wat op die toets- of eksamenrooster van die skool aangedui is, moet 'n doktersertifikaat indien. Leerlinge wat nie aan hierdie vereiste voldoen nie, sal nul vir die spesifieke toets of eksamen kry.

ATTIE VAN WYK-BYEENKOMS : 1 FEBRUARIE 2025

Hartlik geluk aan die onderstaande atlete wat Laerskool Newtonpark môre, 1 Februarie, by die Attie van Wyk-atletiekbyeenkoms gaan verteenwoordig:

Meisies o/8	Meisies o/9	Meisies o/10	Meisies o/11	Meisies o/12	Meisies o/13
Jana Rudman	Milan Geldenhuys	Libby Blumenthal	Robin Klinck	Ruzanne de Goede	Mieke Rossouw
Alaina Wait	Chanté Koekemoer	Jané du Preez	Isabella Mitchell	Melandi Ehlers	Kiara Schnetler
		Miani Erasmus	Emma van Niekerk	Crislynn Hendricks	Kaylee Swanepoel
		Avah Jonck	Tané Wiehahn	Iané Jukel	Lisa Swanepoel
		Christi Joubert	Denelle Wolmarans	Inge Jukel	Miane Taylor
		Emma Scheepers		Jessica Smith	

Seuns o/8	Seuns o/9	Seuns o/10	Seuns o/11	Seuns o/12	Seuns o/13
Riko Wilken	Marc Jukel	Xander Horn	Wian Floor	Joshua Blumenthal	Daniel Botha
Ewan Wolmarans	Keaden Minnie	Ewan Lourens	Jan Klinck	Riano Botha	Calem Carlson
		Franco Louw	Gareth Victor	Roelof Campher	Benn de Wit
		Dentin Maritz	Schalk Vogel	Elmer Kloppers	Stefan Hart
		Daniel Renison			Hendrik Labuschagne
		Lihan Steynberg			El-Nino Peters

Sterkte aan elke atleet wat gaan deelneem. Ons vertrou dat julle slegs julle beste op die veld sal lewer en die vrug daarvan sal pluk, met goeie resultate.

KLEREWINKELTYE

Maandae 07:30 – 12:00
Woensdae 12:00 – 14:30
Vrydae 07:30 – 12:00

A4-PLASTIEK OORTREKSELS

Die klerewinkel verkoop duursame kwaliteit A4-plastiekoortreksels teen R8 elk. U is welkom om dit winkelure aan te koop indien u sou belangstel.

SKOOLDRAG

Die leerlinge moet die korrekte somersdrag aantrek. Ons versoek u vriendelik om daarby te bly. Die dra van die skoolbaadjie tydens die saalbyeenkoms op Maandae is verpligtend. Die voorskrifte daarvoor verskyn in die gedragskode-dokument onder die “beleidsdokumente” op ons google drive inligtingsplatvorm is. Die skakel daarvoor is:
https://drive.google.com/drive/folders/1Js5mo6zV_heYEpqZroY6b68XWa3pUMOt?usp=sharing

SPORTKLEREDRAG

Ons wil graag bevestig dat leerlinge daagliks in hul **formele skooluniform** skool toe kom en hul sportklere (LO-drag) in hul sportsakke moet saambring om na skool vir sportoefening te verklee.

LET WEL: Die leerlinge gaan <u>slegs</u> wanneer hulle LO het, toegelaat word om sportklere skool toe aan te trek. Indien ‘n leerling nie aan LO mag deelneem nie, trek hulle normale skoolklere aan.

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD

Besoek gerus ons skool se amptelike facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto’s te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

SNOEPIE : KARRI-TOEP

Hiermee ‘n paar wenke om die gebruik van die KARRI-toep te vergemaklik:
Indien u meer as een kind in die skool het, plaas al die bestellings onder een kind se naam en reël met u kinders om die bestellings onder mekaar uit te deel. Sodoende spaar u op ekstra bankkostes.

Daar word slegs ‘n boodskap vir Maandae se spyskaart uitgestuur, maar sodra u die toep oopmaak, is die hele week se spyskaart gelaai. Ons moedig u aan om, vir administrasie doeleindes en besparing op ekstra bankkostes, u bestelling vir die hele week vooruit te plaas. Bestellings vir die nuwe week maak Vrydae om 14:00 oop en sluit soggens om 07:00 vir die spesifieke dag.

SKOOLGELDE 2025

Die voorgestelde skoolgelde vir 2025 is soos volg:

SKOOLGELDE: GRAAD 1 tot 7			
	PER JAAR	**10 MNDE**	**11 MNDE**
Eerste kind	R20 100	R2 010	R1 828
Tweede kind	R18 300	R1 830	R1 664
Derde kind	R12 700	R1 270	R1 155
GRAAD R: MAANDELIKS VOORUITBETAALBAAR			
	R20 100	R2 010	R1 828
NASORG: VRYWILLIGE PROGRAM – KWARTAALLIKS VOORUIT BETAAL			
	PER JAAR	**PER KWARTAAL**	
14:00/14:15 tot 17:30	R 9 772	R 2 443	
13:00/13:30 tot 17:30	R11 452	R 2 863	
13:00/13:30 tot 14:15	R 6 640	R 1 660	

MUSIEK: MAANDELIKS VOORUIT BETAALBAAR	
Periodes per week	**Per Maand/10 mnde**
1	R270/R225 2de kind
2	R415/R350 2de kind
3	R595/R530 2de kind

Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: **maandelikse debietorder** oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2025. ‘n Debietorder kan slegs op ‘n tjek-/spaar-/transmissierekening ingestel word.) U mag ook die **skoolgelde EFT**. Ons beskik ook oor **‘n kaartmasjien** by die skool wat u kan gebruik.

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan fin@lnpark.co.za e-pos.

Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar en nasorggelde is kwartaalliks streng vooruitbetaalbaar. Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite deel van die skool se vrywillige program is.

Die betaling van skoolgelde is ‘n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

KRY KORTING OP SKOOLGELDE

Indien skoolgelde (Gr R – 7) ten volle betaal word voor/op 28 Februarie 2025 sal ‘n 10% korting toegestaan word, en indien ten volle betaal word voor/op 31 Mei 2025 ‘n 5% korting.

ELEKTRONIESE BETALINGS

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf. U moet ook die bewys van betaling per e-pos aan fin@lnpark.co.za stuur.

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Geniet die naweek saam met u kinders!

SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:
Die volgende datums moet u asseblief op u kalender aanteken:

Ma – 3 Februarie	:	Klerewinkel **07:30 tot 12:00** **NETHEIDSINSPEKSIE – MERK VAN KLERE** "Read aloud"-week ***Nominasies vir Beheerliggaam sluit 12:00***
Di – 4 Februarie	:	"Read aloud"-week Krieket: 0/9A+B teen Herbert Hurd **(w)**
Wo – 5 Februarie	:	Klerewinkel **12:00 tot 14:30** "Read aloud"-week Krieket: 0/13A teen Kabega Park A **(t)** Krieket: 0/13B teen Theodor Herzl **(w)**
Do – 6 Februarie	:	Klerewinkel **07:30 tot 12:00** "Read aloud"-week **Beheerliggaamverkiesing 07:00 – 16:00** Krieket: 0/11A teen Kabega Park A **(t)** Krieket: 0/11B teen Theodor Herzl A **(w)** Tennis : 8-Seuns teen Jeffreysbaai **(w)**
Vr – 7 Februarie	:	Klerewinkel **07:30 tot 12:00** "Read aloud"-week
Sa – 8 Februarie	:	Swem : B-liga Gala

SPORT EN KULTUUR

OOS-KAAPSE KINDERKOOR : MONITOR 2025
Daniël Bester, graad 3D is as 'n monitor vir die Oos-Kaapse Junior Kinderkoor vir 2025 gekies. Baie geluk, Daniël!

TENNIS : 6-MEISIES TEEN JEFFREYSBAAI
Ons meisies tennisspan het Woensdag, 29 Januarie ten spyte van die hitte teen Jeffreysbaai kragte gemeet en hul beste op die baan gelewer het. 'n Spesiale woord van waardering vir Ruan Hanekom wat die meisies as die enigste haan onder die henne uitgehelp het. Dit was ook die eerste keer wat Karli van Mosseveld en Mikayla Warricker wedstryde gespeel het.

KRIEKET

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
29 Januarie	0/13A	Mount Pleasant	LNP kolf eerste en teken 154 lopies aan vir 5 paaltjies. Mount Pleasant kolf en teken 87 lopies aan almal uit. LNP wen met 67 lopies. **Beste kolwer:** Roelof Campher 80 nie uit nie **Beste boulers:** Buchner Ferreira en Roelof Campher, albei met 3 paaltjies
30 Januarie	0/11A	Mount Pleasant	LNP kolf eerste en teken 96 lopies aan vir 2 paaltjies. Mount Pleasant kolf en teken 47 lopies aan almal uit. LNP wen met 49 lopies. **Beste kolwer:** Kean Kloppers 32 nie uit nie **Beste boulers:** Kean Kloppers en Ludré Nel, albei met 4 paaltjies